

15 Maart

1 Petrus 5:1-10

(Teks: 5:7)

Wat van my bekommernisse?

Bekommernisse, angste, kwellings. Wie van ons ken dit nie? Wat gaan tog in my skoolksamen gebeur? Wat gaan van my word - my beste maat gaan verhuis? Hoe lank gaan ek nog 'n werk hê? Wat gaan van my word as my man of vrou of kind wat siek is moet doodgaan? Gaan my pensioen enduit in my lewe genoegsaam wees?

Die woord bekommernis hang nou saam met 'n werkwoord wat beteken verdeel. Is dit nie presies wat bekommernisse met ons doen nie? Dit verdeel my aandag. Gedurig is ek in my gedagtes daarmee besig. Ek kan nie meer op my werk konsentreer nie. Ek kan God self nie meer voluit en met onverdeelde aandag dien nie. Dit maak my moedeloos, moeg en gebruik al my energie. Op 'n sluwe wyse gebruik die duiwel dit om my aandag weg te hou van die Here wat vir my sorg.

Nee, "Werp al julle bekommernisse op Hom." Toe Jesus op die donkie Jerusalem binnegery het, is dieselfde woord vir werp gebruik toe hulle klere op die donkie se rug gegooi het. Al ons bekommernisse moet ons na die Here toe "gooi", met beslistheid, met geloof, met vertrouwe. Waarom? Want Hy sorg vir ons, sy kinders.

Hy is nie veraf en onbetrokke nie, Hy vergeet my nie en laat my nie aan myself oor nie. Hy is soewerein en regeer oor my hele lewe, ook vandag. Daarin moet ek rus vind. Hy lei my deur sy Heilige Gees weg van angs en kwelling na sy vrede. Hy kan en wil my so versorg omdat Jesus Christus in sy grootste angs en kommer geen rus kon vind nie, maar uitgeroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt 27:46).

Sing Psalm 138:4

Ds. L. du P. van der Vyver (Roodepoort)